


Hallo julle, hier sit ek nou in Niemandsland, êrens tussen Kersfees en Nuwejaar en wonder oor die volgende kwarteeu wat binnekort gaan aanbreek. Ek reken daar is 'n ding of twee wat ons vandag sou kon bylas by Einstein se konsepte van relatiwiteit. Wat hy nie besef het nie, is dat tyd nie konstant beweeg nie maar besig is om eksponensieel te versnel. Dis nie net 'n ouderdomsgevoel nie, dit is werklik aant gebeur. Met ander woorde, gister was werklik korter as eergister en more gaan korter wees as vandag. Of is dit net ek wat dit glo? Vat nou maar elke jaar se Liggiesdag.





Sommer nou die dag was ek en kamermaatjie nog besig om liggies uit te pak vir Krismis. Elke jaar so 'n paartjies by. Vir elf jaar nou al hier in Onrus. Ons het toentertyd besluit dat die eerste dag van Deetsemmer moet die Kersgety aangekondig en gevier word. Met volle beligting van vrolike blink linte en liggies, kerse, kranse en wierook.
Heel laaste kom ons brose beeldjies van van die engelekoor. Elkeen speel 'n ander instrument, gekerf uit bamboes uit Indonesië. So bly meeste van die ligte dan die hele tyd aan. Dag en nag, tot en met die eerste week in Jannewarie waarna hulle weer plegtig ingepak word in hulle Kerskoffertjie en op die solder gaan wag tot volgende jaar.

Ons tweetjies woon in 'n aftreeoord van amper driehonderd huise. Ons is in ons eie straatjie van agt huise wat bekend staan as Robin's Roost. Stelselmatig het die liggiesding en gedoente die hele Robin's Roost aangesteek en hierdie jaar is byna elke huis getooi in stringe liggies wat ons nou al tot in die bome van die straat ryg! Die jaar het ons ook 'n groot Bethlehem ster in liggies getooi en buite langs die oprit op gehang.



En hier is ek al weer aant skryf aan volgende maand se touleier en maak reeds planne om volgende jaar nog liggies by die Sjinese aan te koop. Nog 'n bewys dat vader tyd soos 'n krismiswurm, stadig maar seker inmekaar gedruk te word. Tyd vlieg nie net nie, die sekondes raak ook al hoe korter.

*Groete, Hennie & Annabelle*

# Dié Maand se Giggels



















# Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Na die totale ineenstorting van ONSDORP.COM so 'n paar jaar gelede, het ek geslaag daarin om meeste van die vanne op ons stamboom weer te herwin.

Nou kan jy weer daarheen gaan en jou eie van navors deur jou eie inligting te gaan deel met dieselfde van. Onthou net, dis eie werk en ons plaas net die adresse. Gaan na www.onsdorp.com en klik op STAMBOOM


## Piep-Piep-Piep! Piep-Piep-Piep!

Daar word gesoek na ene Izak Van der Linde, vermoedelik vanaf Windhoek. Izak, kan jy asb. in verbinding tree met Kammanuus aangaande jou pragtige skenking elke maand aan ons kinderfonds. Skryf vir my by info@onsdorp.com

Aangaande die bogenoemde, indien oorsese lesers dalk wil donasies stuur, oorweeg asseblief om liewer iets soos PAYPAL te gebruik. Dit werk so: Jy laat weet my watter in USD wat jy gereeld wil oorbetaal.

Ek stuur dan vir jou 'n PayPal rekening waarmee jy dit dan betaal. Kom ons kyk of die kommissie nie so erg is soos wat die banke deesdae vra nie.

## BENOUDE OOMBLIK



Op 'n uithangtroue lees die predikant die deel in die formulier voor waarin gevra word dat enigeen wat teen die huwelik gekant is, beswaar moet maak of vir ewig, swyg.

Toe staan 'n mooi, elegante vrou in die heel agterste ry van die kerk met 'n baba in haar arms op en stap vorentoe.



Meteens is die hele kerk grafstil.

Alle oë is gerig op die vrou wat met die geklik-klak van haar hoëhakskoene in die paadjie afstap kansel toe.

Die bruid gee haar een kyk en klap toe die bruidegom dat die geluid deur die stil kerk weergalm.

Die bruid se ma val flou neer.

Die strooijonker staar sy vriend met afgryse aan.

Die bruid se pa gluur die bruidegom se familie hatig aan.

Die predikant vra met 'n droë keel: "W-w-wat is u b-beswaar, dame?"

Sy antwoord: "Ek wil net kom sê ons kan niks daar agter hoor nie!"

*DESERISE VILJOEN*







Die tagtigjarige dame kom die spreekkamer binne en gaan sit swaar op die regop stoel.

"Goeiemôre, mevrou. Waarmee kan ons vandag help?"

Die tannie rek haar oë en sê: "Dokter, ek soek asseblief voorbehoedpille."

Die dokter is half verbaas en sê: "Haai, mevrou, is dit u man . . . of is dit die blou pil?"

"Nee, dokter, ek gebruik dit om beter te slaap!"

"Slaap, mevrou? Hoe is dit moontlik? Hierdie pille werk nie vir slaaploosheid nie."

Die tannie kyk die dokter op en af en sê: "Dokter, my kleindogter is 'n student wat by ons woon. Ek gooi elke oggend die pil in haar koffie en dan slaap ek alte lekker in die aand."

Een van die geneeshere wat in 'n privaat kliniek praktiseer, sien 'n ou oom in die ingangsportaal voor die bord met die dokters se name staan.

"Kan ek help?" vra hy.

"Jong, ek was nou net 'n uur lank hier by 'n maagdokter. Hulle sê hy's baie slim, maar hy kon niks verkeerd kry met my binnegoed nie. En ek het baie las van my maag. Nou sien ek hier is 'n dr. Jordaan, D-e-r-m-a-t-o-l-o-o-g. Is hy nie dalk die man vir my derms nie?"

# Raar Maar Waar



**EEN DAG IN IN DIE ARMY**

Die sammajoor blaf vir 'n nuwe troep. "Kom hier! Wat is jou naam?"

"John,Sammajoor."

"In watter blerrie army dink jy is jy? Ek noem niemand op sy voornaam nie. Dit lei tot familiariteit en is swak vir dissipline!

"Ek noem my troepe op hul vanne: Nel, Marais, Potgieter, wat ook al. Is dit duidelik?"

"Ja, Sammajoor."

"Goed. Wat is jou van?"

"Darling, Sammajoor."

"Nou goed, John. Ek wil hê jy moet my met iets help."

## ERFGOED

Ou Koos lê op sy laaste in die hospitaal. Hy laat roep sy vrou en drie kinders. Hy begin toe so: Ek het nou nie juis KONTANT maar:
My liewe vrou jy moet die BMW besigheid oorvat en aangaan.
Ouboet jy moet die selfoon besigheid oorvat en aangaan.
Sussa jy moet die Jet by die lughawe oorvat en aangaan.
My Klein Bulletjie jy moet die Mall oorvat en aangaan.
Hulle sak almal op op die vloer neer en begin bitterlik huil.
Die verpleegster staan nader om te troos, en sê-vra: Sjoe, nou wat is die trane, julle gaan nie sukkel nie. Julle is goed nagelaat!
Hulle antwoord in 'n Koor,... "goed nagelaat ????!!!!"
Hy's die car guard by al daai plekke!!!🤣🤣🤣

## Woorde met 'n Oosterse herkoms

Vanweë die noue verbintenis met Oosterse lande tydens die VOC-tydperk het onder meer die volgende woorde met Maleis, Maleis-Javaans of Maleis-Portugees as herkomstaal Afrikaans binnegekom:

*Aia, amok, amper, baadjie, baba, baklei, gekko, ghantang, ghoem, ghoema, ghoen, ghoeroe, kapok, katel, katjiepiering, kramat, maai, maaifoedie, moesoek, moses, nonna, nooi, orangoetang, paaie, panga, pê, pondok, sambok, sambreel, tamaai.*

BEROEMDE KUNSTENAARS SE KRISMISBOME




**Kyk bietjie hoeveel kan jy reg raai!**

Hier is die lys van name:

(Seurat is klaar in om jou te help)
**O' Keeffe,**
**Warhol,**
**Matisse,**
**Vermeer,**
**Picasso,**
**Michelangelo,**
**Mondrian,**
**Botticelli,**
**Dali,**
**Monet**
**en Van Gogh.**

**Die antwoorde verskyn agter in die Nuusbrief.**

# BRIEF UIT BELGIË

## Elsbeth Verhoeven (Slot)





Bastei

En op die vierde dag was ons na 'n plek met die naam Bastei wat bekend is vir die interessante rotsformasies van sandsteen. Daar was baie rots klimmers. Ver onder sien jy die Elberivier wat vanaf Tjeggoslovakië vloei na Hamburg. Die vyfde dag het ons onder tot by Gohrisch se stasie gery en 'n trienkaartjie na Praag gekoop. Ons het heerlike weer gehad en baie dinge ingeneem. As dit nie vir my was nie sou Ingolf en Sylvie nie gegaan het nie. Ingolf het die plek meer as 20 jaar laas gesien en Sylvie meer onlangs want in die dae van die DDR was dit maar hul vakansie plek. Praag is pragtig en die geboue baie mooi bewaar. Dit is ook baie bekend vir sy mooi kristalglase. Oor die Georgebrug waar ons gestap het was daar baie musikante wat op verskillene instrumente musiek maak. Dit was 'n heerlike belewenis. Ons het die aand weer op die trein geklim en terug gery na Gohrisch. Die 6de dag het ek by die huis gebly omdat ek gevoel het dat ek besig was om siek te word. Die 7de dag het ons die middag na Dresden gery en 'n museum besoek waarvoor ons 'n kaatjie voor die tyd moes bespreek. Sommige museums oor Europa wat baie gewild is moet vooraf bespreek word hierdie dag het ek 20:30 weer op die Flixbus geklim en terug gery na Gent. Ek was eers die volgende middag terug in Gent.


GENT

Een aand was ons by 'n Pubrestaurant want daar word twee maal per week musiekaande aangebied. Jong mense wat natuurlik musiek studeer en wat hul eie musiek skryf kan dan optree. Gisteraand was daar altesaam 7 musikante wat opgetree het. Sommige is jazz, maar dis mooi.

Een van die afrigters wat 'n onderwyser is by so 'n kuns skool kom toe die plek in en toe ek hom sien sê ek vir Paul daai ou lyk darem maar bekend. Die eienaar wat ons al leer ken het stap by ons verby en ek roep haar en vra haar om vir die ou te vra of hy nie dalk 2 jaar gelede op Stellenbosch met die Woordfees was nie. Hy draai toe ewe verbaas om en toe hy my sien glimlag hy breed. Hy kom toe by ons sit. Hy  het opgetree by die Woordfees saam met 'n paar ander bekende Belge.


Oelegem

Sabine Goedhals het 'n stuk van Ingrid Jonker opgevoer. Nou vir die laaste deel van my verblyf. Ek dink dit sal lekker wees. Ek het Sondagaand in Oelegem gaan slaap want Paul moes Maandag sy ma na 'n dokter neem. Ek sien toe dat skoonma se hare nie te skoon is nie en sê sy moet kom ek gaan dit vir haar was, nadat ek dit droog gemaak het het ek vir haar 'n Franse vlegsel gemaak en sy was so bly daarmee dat sy so wou gaan slaap, maar die volgende oggend het ek die vlegsel weer gemaak en die kante gespuit dat dit nie woes staan nie. Ek kon nie glo dat sy so bly was nie. Sy sê sy gaan ons vreeslik mis as ons weg is. Sy sê dat daar oral baie huise te koop is en ons moet probeer om 'n huis in België te koop. Vir my is dit net te duur. Ons maak op die oomblik van openbare vervoer gebruik. As jy oor 65 is kan jy 'n treinkaartjie baie goedkoop kry. 'n Tannie van my wat in Brussels woon het my vertel van die treinkaartjie wat jy so goedkoop kan kry. Sy is 'n Franse Belg. Sy is deel van die Lutsch familie. Die retoer kaartjie na Antwerpen is goedkoper as 'n eenrigtingkaartjie vir 'n persoon onder 65. Die eerste Sondag van die maand kan jy bv. op alle trems gratis ry.  Dis vir alle ouderdomme. Van hier tot

by die huis in Oelegem neem drie ure. Nou weet julle so 'n bietjie meer van my. Daar was nog 'n uitstappie met Kris en Karen na die see vir 'n naweek waar Karen se ouers drie woonstelle bo mekaar by die see besit. Dit was ook fantasties en jy kan in die sitkamer sit en die branders sien aangerol kom en baie aktiwiteite wat plaasvind soos perderuiters, mense wat seil in seiljagte. Dis nou waar die mense met baie geld kom rondspeel. Ons is maar net toeskouers.


Mooi loop

Elsbeth Verhoef Stellenbosch

**VOETOORGANGE**


Montreal


Zurich




# BY GEBREK AAN BROOD...



Liewe Lesers,

Jul weet teen hierdie tyd dat ek maklik lus word vir soetgoed en so kry ek hierdie maklike kits koek resep op Facebook. ( Ja, want ons oumas boer mos op FB om na ons over-die-see kleinkinders se doen en lates te loer! Mos!) Luister nou vandag na my: moenie val vir al daardie kitsresepte wanneer jy lus voel vir ŉ bekende beproefde smaak nie! Wat ŉ totale flop! Dit het mooi gekom en gelyk en geruik na koek maar ag nee, nie eers my beste mokka-sjokolade versiersel kon dit in 'n sagte geurige sponskoek waarvoor ek lus was verander nie!

Maar wat maak mens nou met droë koek, want ons is geleer om nie met kos te mors nie? Ons maak broodpoeding! (Skraap die meeste versiersel af. )

I.p.v. 4 gesnyde korsielose bottergesmeerde brood, gebruik ek dikwels piesangbrood, rosyntjiebrood, kolwyntjies, kaneelrolletjies of selfs gister se vetkoeke in skyfies gesny, botter gesmeer en mooi in Ouma se enamel oondbak gepak! Jy kan ook 6 groot boerbeskuite gebruik, week hul net vooraf in bietjie warm melk!

Wanneer jy die skywe koek nie kan botter smeer nie sit sommer botterklontjies so orals tussen-in! Strooi ŉ milde handvol ( 1/2 k) sultanas of korente of koekvrugte oor.

Klits nou :
**2 k melk**
**1/2 k suiker**
**Knippie sout**
**1 t vanilla**
**1 t vars lemoenskil/ zest (opsioneel)**
**1t neutmuskaat**
**1t kaneel**

Gooi dit bo oor die koekskywe en bak vir 45 min tot gestol en goudbruin @ 180 grade.

Stip met klontjies appelkooskonfyt en Voila!

Bedien met vanilla roomys of 'n dun vla.

Hul seg mos: 'n boer maak 'n plan, maar 'n boervrou maak twee!

Mooi groetes,

Retha






**Daar's sewe klippies in jou sak**
**Deur die Liewe Vader vir jou ingepak**
**Sodat jy ene weg kan gooi**
**Vir elke tiende jaar voltooi.**

Eerste klippie, geen probleem
Die spel sal donkiejare neem,
Dink ons in ydel kinderwaan
Die lewe gaan vir ewig aan

Op twintig waai die tweede klip,
Pragtig en rooi van lip,
Windmakerder kan jy nie kry,
Wat ek wil, skuld die wêreld my.

Klippie drie die laat jou dink, Vir dertig jaar het jy rinkink, Vier sewendes is daar nou oor, Om op te maak vir tyd verloor

As uit jou hand die vierde val, Dan vlek die grys jou slape al, En dit wat in die sak oorbly,
Te min om als gedoen te kry.

Dan kom jy by vyftig,
Nou galop die tyd te vlytig, En na die bult-op lewenspad,
Beginne jy die afdraand vat.

**Voorlaaste klippie nommer ses Glip uit die sak voor jy sê mes**
**Die wat gewerk het vir 'n baas**
**Kry sy persent en groet vir laas.**

O wee, o wee, nou klippie sewe,
Skriftuurlik het jy klaar gelewe, Daar kom nou veel genade kort Vir die wat dalk wil tagtig word.

Daar is natuurlik daai taai vierkantige kalante,
Jy sien hul soms in die koerante,
Wat net nie wil die emmer skop
En eers na honderd om sal dop.

Of jy nou tot vervelens lewe,
Of tata sê hier rondom sewe,
By watter klip jy ook al stop,
Gaan sal ons, die tyd raak op.

Ek wens jou dus 'n sakvol klip,
Genoeg vir daardie honderd trip.
Ons hoop jy kry geen glippies,
net voorspoed met die oorbly klippies!

# SPREEKWOORDELIKS

## Spreuke, Spreekwoorde en Idiome

Een bevat altyd 'n sedeles, die ander 'n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het 'n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

**Emmer:**



Die emmer skop (doodgaan)

'n Foutiewe leenvertaling van die Engelse "kick the bucket" – die "bucket" was 'n balk waaraan pas geslagte diere gehang is en hulle laaste stuiptrekkings het gemaak dat hulle teen hierdie balk skop.

**Goed:**

Vat jou goed en trek, Ferreira (loop, maak dat jy wegkom!)

Uit Die Boervrou van Oktober 1926 die volgende (opsommende) verduideliking van die herkoms: Mev. Annie Malony was die komponis van die wysie van Vat jou goed en trek, Ferreira. Sy was die moeder van 20 kinders en was die eerste vrou wat saans by feestelikhede in Johannesburg klavier gespeel het. Toe sy in Suid-Afrika aangekom het, was sy tuis by 'n ryk boer in die distrik Somerset-Oos, 'n mnr. Van Aardt. Langsaan Van Aardt het 'n Ferreira gewoon met die bynaam Hoepelbeen (omdat sy een been korter as die ander was). Van Aardt het Ferreira se plaas vir kontant gekoop, maar kon hom nie beweeg om die plaas te verlaat nie. Dit was later die grap van die buurt en 'n verleentheid vir die nuwe eienaar. Toe het Annie Molony en Ada van Aardt (dogter van die ryk boer) 'n plan gemaak. Ada het die woorde van Vat jou goed en trek, Ferreira geskryf, en mev. Malony het dit getoonset. Toe nooi hulle die hele buurt na 'n dans toe – en Ferreira was ook daar. Mev. Malony het die liedjie gesing, en naderhand het almal saamgesing, wel wetende waarop dit sinspeel. Hoepelbeen Ferreira was woedend en het die dans verlaat. Die volgende dag was daar net stofwolke soos Ferreira besig was om op te pak – gedwing deur die liedjie waarin sy naam verewig is.




**Grap:**
Alle grappies op 'n stokkie (in alle erns; sonder om nou grappies te maak; hou op grappies maak)

Die stokkie waarna verwys word, is die sotskolf wat die nar aan die hof van die koning gedra het (dikwels in die vorm van 'n stok met eselsore). Die spreekwoord was eintlik 'n vermaning aan die nar om sy grappies nou te staak en vir homself te hou (letterlik op sy stok). Daar is 'n Groningse toevoegsel en 't stokje in 't vuur wat daarop dui dat die situasie so ernstig is dat die nar sommer die stok (met grappies en al) moet verbrand.



**Grasweduwee**:
Iemand is ´n grasweduwee ('n Vrou wie se man tydelik weg is)

Die uitdrukking het oorspronklik verwys na 'n ongetroude vrou wat meer as een man intiem onthaal het. Die vermoede is dat dit buite in die gras was, eerder as in die wettige huweliksbed. Maar die eintlike bedoeling was dat sy 'n kind buite die huwelik gehad het. 'n Ander bron verklaar met groot oortuiging dat die uitdrukking oorspronklik uit Brits-Indië gekom het waar die vrouens en kinders gedurende die versengende dae van die somer na die bergstreke toe gestuur is. Daar was dit nie net koeler nie, maar daar was ook gras - en geskei van hulle mans was hulle dus grasweduwees. Na hierdie voorbeeld het daar later natuurlik toe ook graswewenaars ontstaan. Uit die VSA is daar ook 'n ander verklaring: Tydens die goudstormloop in Kalifornië het die man dikwels vrou en kinders by familie laat loseer terwyl hy gaan goud grawe het. In Amerikaans het dit bekend gestaan as "putting a wife to grass" – 'n uitdrukking wat eintlik gebruik is vir 'n perd wat te oud was om te werk. Hierdie tydelike skeiding het van die vrou 'n grasweduwee gemaak. Maar dit is alles raaiskote. Die oorspronklike woord wat later grass in Engels geword het, was "grace". Die vrou was 'n grace widow. Dit het verwys na die grace, die grasie of genade wat die vrou van die pous ontvang het om van haar man te skei – 'n toegewing wat in die vroeë dae slegs deur die Katolieke Kerk toegestaan kon word. Dié verklaring word ook gestaaf deur die Franse benaming veuve de grâce (genadeweduwee), en die Latynse viduca de gratia. [Vandag noem die Franse dié soort dame 'n halfweduwee]. Omdat die Franse woord grâce amper soos die Engelse grass klink, was dit voorspelbaar dat die oorspronklike betekenis verlore sou raak.



# AGTEROS

LAASTE IN DIE KAMMANUUSKRAAL





## Kersfees in die truspieëltjie

***Met erkenning aan Kosie Opperman van - ~ [kammakastig](kammakastig)***

kammakastig

want die maan is van kaas gemaak

Kinderjare se Kersfeeste was vrolik. Leë kussingslope by die beddens se voetenente. Kersoggende se opgewondenheid met daai kussingslope wat bult gestaan het van mooi toegedraaide persentjies. Barstens toe vol. Want almal in die omgewing het vir die kinders geskenkies by Vaderkrismis bestel. Dit was 'n vreugde, nie 'n verpligting nie. Niemand het gedink dit is kommersialisering van Kersfees nie. Niemand het gekla dat dit 'n onnodige uitgawe was nie. Geen geskenk is gering geag nie. Daar was nie kompetisie nie. Die gee was louter vreugde en vol uit die hart uit.

Dikwels het van die familie bymekaargekom op Oukersaand. Ván die familie, want die familie was gróót. Tierfontein was die bymekaarkomplek, die hawe van hartlikheid.

Daar was nie altyd 'n kersboom met tooisels by sulke geleenthede nie, maar ou Krismisvader het wel soms kom inloer, tot angstige verwondering van die jonger niggies en nefies. Sulke tye was die kussingslope oorbodig. Kersvader het nie elke keer ingekom en die geskenkies persoonlik uitgedeel nie – hy was immers 'n besige man en die takbokke was nie gewoond aan die droë klimaat nie. Partykeer het hy net die groot sak met persente stilweg by die voordeur gelos. Dan het die kinders agterna sy spore gaan soek en die hemelruim stip dopgehou. Die Vrystaatse hemel op 'n somersaand was besaai met sterre en die melkweg was 'n wasige wit band. 'n Helder verligte hoofweg vir 'n haastige slee.

Daar was gemeensaamheid, liefde en verwondering. Net dit. Nie preke en sedelesse nie.

Nadat die kinderskoene uitgeskop is en elkeen sy eie haard had, is Kersvader vervang deur 'n Kersboom en die kussingslope deur pakkies onder die boom wat op Oukersaand uitgedeel en oopgemaak was. Die familie was nie meer elke jaar saam nie.

Daar was nou twee ouerpare wat elk hul Kersfeesbeurt moes kry. En té gou was Pa en Ma en Tierfontein nie meer nie. Die gom wat die groot familie – Smitties en Rensies – gebind het, was weg.

Die plaaskindertjies wat met blinkgeskropte gesiggies en splinternuwe klere op Kersoggend kom spog het, uitgerangeer tot 'n herinnering. Daar sou nooit weer die middernagtelike "Nader my God by U" in Sotho oor die werf weerklink wanneer die plaaslike swart gemeenskap op oujaarsnag by die agterdeur hul welwillendheid kom betuig het nie.

Want die lewe gebeur. Voortdurend. Maal ons rond soos klippers op die bodem van 'n vinnig vloeiende rivier.



Hierdie lewe het ons op 'n stadium, vir 'n kort rukkie, uitgespoeg op Romtalie, ons Bosveldplasie. Kersvader het daardie adres ook raakgeslee en opgedaag by die sinkstoor waar een wit gesin en drie swart gesinne 'n Oukersaand met mekaar gedeel het, kompleet met versierde Kersboom in die hoek. Klein Mazda was doodbevrees vir die man met die rooi jas en die wit baard. Al het daardie man 'n swart gesig en swart hande gehad. Die kinders het elkeen 'n spesiale dingetjie gekry. En ons, wat ons ontvang het, was onskatbaar – gegee uit die rykdom van gebrek – 'n boksie vuurhoutjies, 'n hoendereier, 'n draadkar met politoerblikkiewiele.



Daardie seisoen het ook verbygegaan. Seisoene wissel, verander, eb en vloed. Vir ons almal. Iemand het eenkeer gesê elke enkele mens is 'n uitsondering op 'n reël wat nie bestaan nie. Die Kersfeeste wat ek vir mý kinders nagelaat het, is nie naastenby dieselfde as dié wat ek beleef het nie. Ons het seisoene. En die lewe gebeur. En dit is goed.

